# AFRIKANERNASIONALISME HET OP MAJUBA WORTELGESKIET

**F.A. van Jaarsveld**

## *1. DIE PROSES VAN NASIONALE SELFBEWUSWORDING, 1868—1881**

Die proses waarbinne die nasionale ontwaking van die Afrikanervolk plaasgevind en sy nasionalisme ontwikkel het, lê m.i. tussen die jare 1868—1881. Om dit te begryp, moet die Groot Trek in die prentjie gebring word want dié gebeurtenis wat die opsplitsing van die Afrikanervolk en die uitbreiding en afronding van sy woongebied gebring het, het die grondslag vir die ontwaking gelê.

Die proses van nasionale selfbewuswording speel hom af rondom *twee groot deininge* in die lewe van die Afrikaners. Die eerste is teweeggebring deur die kontak met die swartman op die Oosgrens wat 'n deel van die volk op hul owerheid vir beskerming aangewys het. Teleurstelling met die wyse van beskerming deur die owerheid het die reaksie van die *Groot Trek,* d.i. die *uiteengaan* en *verspreiding* van die Afrikaners uitgelok, wat 'n deel daarvan selfstandigheid verleen het. Die tweede groot deining staan in direkte verband hiermee. Dit was die politiek van Groot Brittanje om die verspreide of uiteengegane volk deur 'n beleid van *gedwonge federasie* weer onder Britse vlag te *verenig.* Hierdie politiek het op die *Anneksasie* van 1877 en die *Vryheidsoorlog van 1880* uitgeloop. Die reaksie hierop was 'n *geestelike vereniging* van die volksdele, 'n *nasionale selfbewuswording* en die oorbrugging van die kloof wat deur die Groot Trek veroorsaak is. Afrikanernasionalisme het op Majuba wortel geskiet en soos 'n boom sy takke oor die bodem van Suid-Afrika uitgebrei.

Tussen die Groot Trek en die Vryheidsoorlog bestaan die nouste verband. Die eerste deining het die verspreiding van die Afrikaners gebring, die tweede sy geestelike vereniging. Vir die eerste was die vrye ruimte en liggaamlike mobiliteit 'n uitweg, vir die tweede was die ruimte reeds gevulde ruimte en daarom is mobiliteit in die gees teweeggebring. Terwyl die eerste deining 'n deel van die volk raak, raak die tweede die land en volk as geheel. Die eerste het 'n vaderland prysgegee en 'n nuwe geskep. Eers die tweede het die land as vaderland vir almal laat ontdek. Die Groot Trek was 'n vreedsame opstand, die Vryheidsoorlog 'n gewelddadige botsing. In die vuur van die oorlog is die nasionale bewussyn gesmee.

Soos gesê, het die Groot Trek die Afrikanervolk gedurende die jare 1836—1854 oor Suid-Afrika versprei en na stigting van gebiede soos Natal, die Vrystaat en Transvaal gelei. Terwyl die Republikeinse Noorde selfregering geniet het, het die Koloniale Suide onder Britse gesag gestaan. Die Trekdaad, die oorloë met swartmense en Britte en die aanhegting van hul gebied het die *uitgeweke* deel van die Afrikaanse volk tot belange-gemeenskap en historiese grootheid gemaak. Hulle sou prikkels van buite ondervind wat die *agtergeblewe* deel nie sou voel nie. Onder die druk van die Britse regering wat teenoor hul gestaan het, het die Uitgewekenes 'n groter mate van selfbewussyn, groepsbewustheid en saamhorigheidsgevoel ontwikkel as hul landgenote elders. Trouens daar was voorwaardes aanwesig waaronder hulle nasionale selfbewustheid kon ontwikkel en die Emigrante was onderweg daarheen toe die prikkel van buite met die Konvensies van 1852—54 uit hul midde verdwyn het.

Uit eie krag kon hulle moeilik op die weg van selfbewuswording volhard. In die

*Oorgeneem en hersien uit F.A. van Jaarsveld: *Die Ontwaking van die Afrikaanse nasionale Bewussyn, 1868—1881.* Voortrekkerpers, Johannesburg, 2e druk 1959, pp.172—178.

groot woonruimte en met hul politieke onervarenheid en indiwidualisme het die ontbindende elemente groter as die bindkragte gewerk. Die gevolg was partyvorming, regeringloosheid, staatkundige chaos en anargie, verwarring, volkstwiste en burgeroorloë. Dit geld veral Transvaal gedurende die sestigerjare. Die Vrystaat het 'n groter mate van orde en selfbewustheid behou, hoewel toestande in dié jare aldaar ook maar treurig was. Daar was weinig om te bewys dat die Afrikaanssprekendes van die Republikeinse Noorde in daardie stadium nasionaalbewus was. Gedurende dieselfde jare was die Koloniale Afrikaanssprekendes wat ewemin 'n nasionale besef in hul omgedra het, blootgestel aan bewuste verengelsingspogings en denasionalisering. Ook by hulle was die jare sestig 'n laagtepunt sodat dit met die Afrikaners op "nasionale" gebied bepaald treurig gesteld was.

Die tydelike opflikkering van die selfbewussyn wat die Trekperiode vir die uitgeweke Kolonialers gebring het, was na 1854 weg en in beide dele was weinig wat die selfbewussyn en gevoel van eenheid kon stimuleer. Boonop het die Republikeinse Noorde en Koloniale Suide vanaf 1854 tot omstreeks 1868 tot 'n groot mate in afsondering van mekaar gelewe. Hulle het nog nie oor mekaar se grense gekyk, in mekaar se lotgevalle belang gestel of emosioneel in terme van 'n gemeenskaplike verlede, hede of toekoms met een bestemming gedink nie. Ook was hulle nie daarvan bewus dat hulle één vaderland het of tot één volk behoort nie. 'n Nasionale bewussyn het in dié jare by die Afrikaners ontbreek. Die verspreide Afrikaanssprekendes het miskien meer nog in die sfeer van onbewuste saamhorigheidsgevoelens geleef. Hulle was "volk", maar nog nie "nasie" nie en nog geensins nasionaalbewus nie.

Teen omstreeks 1868 sou die situasie waarbinne hulle geleef het, verander. Na 'n lang tyd van terugtrekking uit die binnelande waartydens die Republikeinse gedagte diep kon wortelskiet, het die kragtige arm van Brittanje weer op die toneel verskyn en daarmee was weer 'n prikkel in die midde van die volk. Sonder die werking van dié prikkel is die nasionale selfbewuswording ondenkbaar. Die proses waarvolgens dit plaasgevind het, sou in werking kom en binne veertien jaar ná 1868 was die nasionale gevoel ontwaak en het 'n Afrikaanse nasionalisme sy verskyning in die Suid-Afrikaanse politiek gemaak. Die proses het by enkele groepe begin en in die geheel geëindig.

Eers kom die *Vrystaat* aan die beurt. Hierdie staat wat as gevolg van botsings met Transvaal en later die Kaap op sy eie grense aangewys was, het sedert 1865 onder druk van die Basoeto-oorloë 'n sterk eenheidsband begin vorm wat onder die saambindende krag van die persoon van president Brand verder aangesterk is. Die gewelddadige anneksasies van Basoetoland en die Diamantvelde deur Brittanje het die besef van eenheid verder versterk en 'n saamhorigheidsgevoel gekweek wat op 'n sterk Vrystaatse volksgevoel uitgeloop het. Die verlede van die staat het as griewe teen Engeland in die bewussyn gekom en die selfbewussyn is gestimuleer. Die nuwe volksgevoel het alle voortekens van 'n nasionale bewussyn in hom gedra, maar dit was nog tot die Vrystaat beperk.

Hier set dan die aanloop tot die nasionale selfbewuswording van die *Kaaplandse Afrikaanssprekendes* in. Voorheen het hulle nie gemeenskaplike prikkels en voldoende bindkragte gehad wat die selfbewussyn kon stimuleer nie. Nou sou dit indirek via die Groot Trek uit die Noorde kom. Die aanskouing van die behandeling van die Vrystaters deur die Britse Regering het op hul gevoel van reg ingewerk en groot simpatie het tot die veronregte mense uitgegaan. Die Vrystaters is as volksgenote en "broeders" ontdek. Ook die Transvalers is as bloedverwante en landgenote begin sien. Daarmee was die kloof wat die Groot Trek gebring het, oorbrug en het die Noorde één in die gees met hulle geword, en ook die land is vir die eerste keer as "vaderland" vir

die Afrikanervolk as geheel aanskou. Onder indruk van die hede is daar na die verlede van die één volk gevra maar ook na sy toekoms en sy bestemming en plek in Suid-Afrika. Die ontdekking van die Republikeinse Noorde het toe ook na 'n diagnose van hul eie situasie onder Britse bestuur in die Kolonie gelei. So is selfbewussyn ontwikkel. Hulle het daarvan bewus geword dat hul regte hul ontneem is en dat hulle 'n onderdrukte volk is wat nie die politieke rol vervul wat volgens hul getalle hul toegekom het nie. Ook by hulle het die geskiedenis van die volk as griewe teen die Britse Regering voor die gees gekom. Hierdie selfbewuswording het in dié stadium maar nog net 'n klein intellektuele groepie in die Kolonie geraak, maar die aanloop tot die nasionale ontwaking was daar.

Die afgesonderde *Transvaalse Afrikaanssprekendes* wat nie die nuwe Britse politieke druk onmiddellik aan hul lywe gevoel het nie, het nog met hulle verdeeldheid, burgertwiste en onenigheid voortgegaan. Met 'n skok het hulle egter in 1877 ontwaar dat die vyand binne die mure was. Die ongewaardeerde onafhanklikheid was meteens weg. Hulle het toeskouers in hul eie land geword, geregeerdes wat kon kritiek uitoefen en met ander oë sien. Vir die eerste keer kon hul hulself ondersoek, die verdeeldheid veroordeel en in eie boesem gelouter raak. In die verset teen die vyand het die bewussyn van hulself as volk gegroei. Op die volksamekomste het hulle mekaar ontmoet en was hulle onder één verenigende doelstelling, nl. die herkryging van die onafhanklikheid, op mekaar aangewys. 'n Gevoel van saamhorigheid het nou weer na jare van verdeeldheid te voorskyn gekom. Eers moes hulle die land en die vryheid verloor om dit te vind. Die tyd van verder trek was verby en by die herinnering aan die verlede is die gevoel van eiewaarde gestimuleer en die land as "vaderland" ontdek. Ook hier het die selfdeurleefde geskiedenis as griewe voor die gees gekom. Sonder 'n historiese bewustheid van die volk kon die nasionale bewussyn nie ontplooi nie. Die oorlog van 1880—81 het die nasionale besef ten volle tot ontwaking gebring en 'n Afrikaanse nasionalisme het ontstaan. Omdat die Transvalers hulle in dié jare afhanklik begin voel het van die Vrystaatse en Kaapse Afrikaanssprekendes wat so intens in hul lotgevalle belang gestel en met hulle gesimpatiseer het, het hulle tot die ontdekking gekom dat almal tot één volk en één land behoort. Die ideaal van 'n onafhanklike verenigde suid-Afrika het ook hier voor die gees begin sweef. Verder was daar 'n skerp teëstelling tussen die Afrikaanssprekendes en die Britte of Britsgesinde Afrikaners in Transvaal.

Die anneksasie van Transvaal het die *Vrystaat* soos 'n eiland in Britse gebied laat beland. Dit was toe hul beurt om as toeskouers oor hul grense te kyk en met die Transvalers te simpatiseer. Veral die Vryheidsoorlog het groot beroering gebring en die Vrystaatse volksgevoel na 'n Afrikaanse nasionalisme laat uitgroei. Aan weerskante van hul grense het die Vrystaters Afrikaners aanskou wat in mekaar se lotgevalle deelgeneem en hul teen die Britse optrede gekeer het. Ook hier het die besef van één volk in één land na vore gekom en dié moes onder eie vlag en verenigd die toekoms binnegaan. Ook in die Vrystaat het sekere eienskappe van die Afrikaanse nasionalisme te voorskyn gekom wat in die laaste afdeling behandel word.

Die Anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorlog het ook vir die *Kaaplandse Afrikaners* 'n verbreding en verdieping van die nasionale besef gebring. Ook hulle het oor die grense aanskou hoe 'n volk onder die voet geloop het. Dit het die gevoel van bloedverwantskap, saamhorigheid en eenheid versterk. 'n Hartstogtelike nasionalisme het uit die simpatie met die Transvaalse Afrikaners ontstaan, en gepaard daarmee 'n politieke ontwaking. Die gedagte van één Afrikanervolk in één vaderland en met één bestemming vir die toekoms het nou dieper ingeslaan. Die Afrikanerbond van 1879

getuig van hierdie ideaal. Verder het 'n kulturele ontwaking plaasgevind wat die eis om die erkenning van 'n eie taal gestel het. Ook in Kaapland het die nasionale ontwaking in verset gekom teen die Britse regering en Britsgesinde Afrikaners. Daar was nou die hoop om saam te lewe as aparte groep vir die toekoms. Die gevoel van eenheid het uitdrukking gevind in 'n toewyding aan die nasie, in liefde vir die vaderland, in trots op gemeenskaplike prestasies en in lojaliteit teenoor die eie groep, al was dié deur politieke grense geskei.

## 2. *EIENSKAPPE VAN AFRIKANERNASIONALISME SOOS DIT RONDOM 1880—1881 TE VOORSKYN GEKOM HET*

Die proses van nasionale selfbewuswording het by verskillende groepe Afrikaners op verskillende tye plaasgevind. Die patroon wat dit aangeneem het was vir die groepe min of meer dieselfde. Met die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme rondom die Vryheidsoorlog, kom sekere eienskappe op die voorgrond wat by almal opgemerk word en wat nou gesistematiseer word. In sy wese was dit 'n gevoelskwessie.

As gevolg van die Britse politiek in Suid-Afrika het daar 'n blanke nasionalisme ontwikkel wat blyke gegee het van 'n gevoel van verongelyktheid en frustrasie. Daar was 'n gevoel van geringskat, verneder, geminag en in die eer en waardigheid gekrenk te wees, en verder 'n besef van onderdruktheid en onderworpenheid wat tot verontwaardiging en griewe gelei het. Tussen Engelse en Afrikaners het 'n diep skeiding gekom asook skeiding tussen Afrikaners onderling, waarop later teruggekom word.

In die tweede plek het die klem sterk begin val op die entiteit "nasie" en die term "vaderland". Aan beide was daar 'n gevoel van liefde en toewyding verbonde. In die "onderdrukking" het die verspreide indiwidue mekaar as "broeders" en lotsgenote ontdek wie se blydskap en leed met mekaar gedeel is. Lojaliteit is teenoor mekaar betuig en voortdurend verwys na die bande van bloed, "ras" en afstamming. Die "nasie" het 'n soort mistieke liggaam geword wat meer was as die indiwidue. Bewuswording het plaasgevind van sy kulturele eienskappe en taal, sy sedes, gebruike en gewoontes en veral godsdienstige gesindheid. In die Suide het die klem meer op kultuur as op politiek geval. Daar is trots ontwikkel op die prestasies van die Afrikanervolk, en eieliefde, selfversekerdheid, selfvertroue en trots het uit die Vryheidsoorlog te voorskyn gekom. Dan was daar die wil om nog meer in die toekoms te bereik. Ook het die hoop ontwikkel om toekomstige glorie, grootheid en politieke oorwinnings te behaal. Met die ontdekking van die eenheid en lotsverbondenheid van die nasie het ook die bewussyn ontstaan dat die land verdeel was, hoewel dit "vaderland" vir almal was. Een deel het onder eie Republikeinse instellinge selfstandig voortbestaan terwyl die ander onder Britse gesag was. Die politieke verdeling van die "vaderland" het 'n verlange na vereniging meegebring. Die gemeenskaplike hoop om nog eenmaal in die toekoms in 'n verenigde en vrye vaderland te lewe, het 'n belangrike element van Afrikanernasionalisme geword. Dit het ook 'n sekere onverdraagsaamheid en eksklusiwiteit bevat.

In die derde plek het Afrikanernasionalisme die kenmerk van 'n drang na selfbehoud en eie volksidentiteit geopenbaar. Veral die Kaapse Afrikaanssprekendes wat onder Britse gesag tussen Britte gewoon het, sou voortdurend waak teen die oplossing in die Engelse stroom waarin hul regering hul wou dwing. Om die volksliggaam suiwer te bewaar, is 'n soort aggressief-strydende houding geopenbaar waarin propaganda 'n rol gespeel het. Teenoor die kamp van die "ware", "opregte" of "volbloed" Afrikaners was die "volksvyande" en die "verraaiers" van hul nasie, nl. die Engelsgesinde

Afrikaners op wie met veragting neergesien is. Dit was die taak van die "ware" Afrikaners om bekeerlinge te maak, om die "oë" van hul landgenote te laat oopgaan, hulle te laat "draai" of "reg" te laat word. Iemand se waarde het in sy graad van Afrikanerskap begin lê, d.i. sy gesindheid teenoor die Engelse. Afrikanerskap het sosiale waarde verleen en die groep byeengehou. Wie aan die mistieke liggaam van die Afrikanernasie behoort, kry 'n gevoel van sekerheid, waarde en selfvertroue. Hulle hoef nie "skaam" te voel om "Afrikaner" genoem te word nie. Om 'n "opregte" Afrikaner te gewees het, was "lekker". Dit was 'n gevoelskwessie.

In die vierde plek was daar in Afrikanernasionalisme 'n gevoel van geroepenheid en uitverkorenheid, wat 'n element van godsdiens daarin gebring het. Daar is geglo aan 'n soort bowe-natuurlike of mistieke skepping van die Afrikanervolk. Volgens ds. S.J. du Toit het God die lede van verskillende nasionaliteite in Suid-Afrika "saamgebring" en aan hulle 'n eie taal "gegee". die "vrome" Hugenote is spesiaal hierheen "gestuur" om die ruwe elemente van verderf te bewaar. Gods hand het vir die Afrikaanse leiers veral in Transvaal ook duidelik in die geskiedenis van die volk "sigbaar" geword. Hulle was nakomelinge van "geloofsvlugtelinge". Sterk het die gedagte van uitverkorenheid ook in die volk se nasionalisme te voorskyn gekom. Hulle is "soos" Israel uit Egipte "geroep", het in die woestyn verblyf gehou en gaan die land Kanaän binne.[1)] Die Afrikaanse volk het 'n "taak", "missie" of "geroepenheid". Dis voorgestel as die oopstelling van die binnelande vir beskawing en Christendom en die verkondiging van die Evangelie aan die heidene. Dit is as Gods wil gepostuleer dat die Afrikanervolk eenmaal vry van Britse gesag en onder eie vlag in Suid-Afrika sou lewe.[2)] Die gevoel van uitverkore en geroepe te wees het bindend op die Afrikaners ingewerk.

In die vyfde plek het liefde vir die volksverlede 'n vername eienskap van Afrikanernasionalisme geword. Die "vrome" voorvaders wie se nagedagtenis vir hulle "heilig" was, het die voorbeeld van selfopofferende liefde gestel en die weg vir die toekoms aangedui. Dit het 'n ankerpunt geskep waaraan die entiteit nasie vasgeheg kon word. Die voorouers is verheerlik en die helde vereer. Aan en uit hulle moes die jeug gebind word en besieling put. Verder moes die geskiedenis op skool gebruik word om nasionalisme en patriotisme te kweek. Die geskiedenis was die nasie en wie met oneer oor die verlede spreek, maak hom skuldig aan heiligskennis. Vandaar die ergenis aan verkeerde voorstellinge en die eis om die verlede van die Afrikaners suiwer en korrek voor te stel. Die geskiedskrywing self wat deur die nasionalisme geïnspireer is, het in die teken van die apologetiek gestaan — die nasie moes teen aanvalle verdedig en die skuld by die ander kant aangetoon word. Dit moes die volksbestaan verdedig en regverdig. Die stryd van die hede het die Afrikaners daartoe gelei om die afgelegde weg van die volk te ondersoek en die oorsprong en herkoms aan te dui. Daardeur is eenheid in die losstaande gebeurtenisse van die verlede geprojekteer en tot "nasionale" geskiedenis saamgeknoop.

Wie vir die toekoms wou werk, moes hom na die verlede rig. Geen wonder nie dat die oprigting van monumente vir die gevalle helde daaruit voortgevloei het. Sulke simbole moes die nasie tot daadkrag aanspoor, om bv. aan die Paardekraalmonument te dink. Die geskiedenis het demonstrasie-objek vir die politiek van die dag geword en so tot politieke aangeleentheid. Die inhoud is geïnterpreteer as 'n stryd tussen Boer en Brit. Slagtersnek wat byna vergeet was, het rondom 1868 nuwe lewe gekry. Die stryd van die verlede was dié van die hede en die stryd van die hede dieselfde as dié van die verlede. Daarom dat die bemoeiing met sy geskiedenis kenmerkend vir die Afrikaanse nasionalisme van daardie jare was.

Die geskiedbeeld van die Republikeinse Afrikaners sou vir die res van die 19e eeu

rondom twee pole wentel, nl. die Groot Trek en die Vryheidsoorlog. Daarom dat tussen Dingaansdag en Majuba 'n noue verband gelê is soos blyk uit die eerste herdenking van die Vryheidsoorlog op 16 Desember 1881, en dat sowel Bloedrivier as Majuba as twee openbare vakansie- of feesdae gevier is. Eers in die 20ste eeu is die Eerste, met die Tweede Vryheidsoorlog as een van die pole, vervang en het Krugerdag in die plek van die 19e eeuse Majubadag getree. In die historiese besef van die huidige Afrikaner lewe die herinnering aan die stryd teen die swartmens in Geloftedag en die stryd teen die Brit in Krugerdag bewustelik of onbewustelik nog voort.

1) *De Tijd*, 9-2-1871. Verslag van "J.F." van 'n vergadering op Rustenburg. Ook opgeneem in *The Friend*, 16-2-1871
2) Vgl. *Die Ontwaking* ...V afd. 4 en VIII afd. 5.